

VINCENT RADEMEYER

Datum: 15 April 2011

Plek: Marioneiland

Vraagsteller (V): Dora Scott | Antarktiese Erfenis-projek | C-I-B | Universiteit Stellenbosch

Antwoordsteller (A): Vincent Rademeyer | Diesel werktuigkundige | SANAE 46 ; Gough 54 | 2008 ; 2010

V: Hierdie is 'n mondelingse geskiedenisonderhoud met Vincent Rademeyer. Dit is 15 April 2011 op Marion Eiland. Waar was jy oral gewees?

A: Ek was eers by SANAE gewees. Dit was 2007 tot 2008. En toe is ek Gough Eiland toe: 2008 en 2009. En nou weer 2010 en 2011 is ek hierso op Marion Eiland.

V: En wat doen jy?

A: Ek is die *diesel mechanic*.

V: En jy was op al die ekspedisies dieselfde?

A: *Diesel mechanic*, ja.

V: Ok. Nou hoe het dit gekom dat jy aansoek gedoen het, om betrokke te raak by die program?

A: Ek het eintlik werk gesoek na ek uit die vloot uit is. Toe het ek werk gesoek en toe het my pa in een van die koerante gesien, 'n advertensie van Antarktika. En toe het ek net aansoek gedoen. Ek het nie rêrig gedink ek gaan dit kry nie. En toe het ek kontrakteurwerk gekry. Wat net so drie maande was, en voor ek klaar was met drie maande toe het hulle... Toe het DEAT my gekontak en my gevra of ek nog belangstel. Gelukkig. En toe, ja. Toe het ek Susan gesien en 'n onderhoud. En toe ek my *medical* deur is, toe teken ek sommer die kontrak. Toe sê hulle nee ek gaan. So ja, dit was nogal lekker gewees.

V: En was dit toe nou die voorloop? Toe was dit nou vir jou lekker en toe wil jy verder betrokke raak by die program?

A: Ja. Ja dis reg.

V: En het jy enigsins 'n belangstelling gehad in Antarktika of die eilande voor jy die eerste keer gegaan het?

A: Nie rêrig nie. Nee. Ek het geweet van SANAE. Toe ek in die vloot was, het ek gehoor van dit, maar baie min. Ek het eintlik seker maar op een tyd van dit gehoor en nie rêrig weer daaraan gedink nie.

V: Wat het jy daarvan geweet?

A: Ek het net geweet hulle gaan. Daar is 'n stasie by Antarktika en hulle gaan elke jaar soontoe, maar verder het ek nie rêrig enige ander informasie gekry nie. Of enige iets gehoor van dit nie.

V: Nou ek gaan nou 'n bietjie fokus eers op SANAE en dan op Gough en dan op die jaar wat verby is. Vir SANAE nou, watter voorbereidings het julle gehad? Spesifiek spanvoorbereiding.

A: Ons het gegaan vir die normale *team-training*, wat ook *medical* was. Dan moes ons gegaan het vir koue weer opleiding, maar meer met die masjiene wat op Antarktika is, soos die Caterpillar *bulldozers*. Hoe om hulle te *start* in die koue weer en hoe om hulle te ry. Hulle het ons geleer bestuur. En ja, so dit was meer vir die... om water te smelt, vir water in die basis.

V: Was jy verantwoordelik vir die *smelly* gewees?

A: Ja, ek was vir die smelt van die ys. Die hele span het eintlik maar ook ys geskep met die *bulldozers* en dit in tenks in gegooi, waar dit gesmelt word met elektriese elemente.

V: Het jy enige spesifieke voorbereidings getref vir jou werk, wat jy moes doen op SANAE?

A: Nee, nee. Hulle het nie vir my eintlik verdere tegniese kursusse laat loop nie. Ek het geen

- ander... Dit was net die *team-training* gewees.
- V:** En wat was jou verantwoordelikheid daar gewees, op SANAE?
- A:** Ek was die *ADE generator mechanic*. Ja, daar is twee *mechanics*. Die een is vir die voertuie buitekant. En dan kry jy die *base mechanic* wat die generators en die krag en alles kyk.
- V:** Nee goed. En julle het met die Agulhas gegaan?
- A:** Ja.
- V:** Kan jy onthou wie die kaptein was?
- A:** Ek dink dit was Freddie gewees, daardie tyd. Of hy was miskien die onderkaptein gewees. Ek kan nie mooi onthou nie.
- V:** Was daar enige... Wat kan jy van die seevaart onthou? Was daar enige iets interessants wat gebeur het?
- A:** Ja, wat ek opgelet het, was die verandering in die weer. En dan die eerste ysberge wat jy kry, wanneer jy nader aan Antarktika gaan. En dan die reën. Ons het eenkeer reën gehad. Dan raak die see eintlik, hoe nader jy aan Antarktika kom, raak die see kalmer. Daar is nie meer sulke groot *swells* nie. Dan kry jy meer ysberge en pikkewyne wat op die ysberge sit en verby dryf.
- V:** Wat was jou eerste gedagte toe julle by SANAE opdaag? Of altans, toe julle daar opdaag en al wat jy sien is die ys. By die *ice shelf* en so.
- A:** Ja, ek het gesien dit is eintlik 'n baie groot, wel kan nou nie so sê nie, maar dit was soos 'n groot kontinent gewees. En ook die ys. Alles is net wit. Dit is net die see en die ys wat jy sien. En dit was nog vêr van die basis af. Dis nog, ek dink, 160 km van die basis af. En ek en die ander *mechanic* moes agter gebly het, om diesel te pomp van die skip af, op na die tenks wat op die slees is. En dan het ons dit na Antarktika na die basis toe gery. So was die laaste ouens van die span wat nog daar was.
- V:** So het jy baie interaksie gehad met die ou span?
- A:** Ja, veral met die vorige *mechanic* het ek nogal baie saamgewerk. Want hy moes my natuurlik nou geleer het van die basis en hoe alles werk.
- V:** Soos baie onderhoud en so?
- A:** Ja.
- V:** Okay. Is daar enige stories of enige so iets wat die vorige span vir julle vertel het? Of wyskede en kennis wat hulle oorgedra het oor hulle tyd daar?
- A:** Ja. Een van die ouens het agtergebly, Fritz Grobbelaar. Hy het twee jaar gebly, want ons *base-ingenieur* het bedank, al in die Kaap. So hy het eintlik vir ons gewys waar die krewasse is, en eintlik soort van alles vir ons gewys wat hulle gedoen het deur hulle jaar.
- V:** Nou beskryf vir my 'n dag in die lewe van die *diesel mac* op SANAE?
- A:** Ja ag. Dis maar net staan in die oggend op, maak vir jou ontbyt. Dan gaan loop ek na die generators toe. Kyk ek net dat alles reg is en nog reg loop. En of daar nog diesel in die dieseltenks is. Dan, dit hang af wat gebeur ook. Watse *maintenance* daar is om te doen. Ja, as daar nie rêrig werk is nie dan gaan ons maar net uit en maak water. Meeste van die tyd was dit ek en die ander *mechanic*, Ronald, wat gewoonlik gaan water maak het, gaan ys skep het en in die *smelly* ingegooi het. En ja, dit is eintlik baie rustiger, as die ander eilande waarna ek gegaan het, werksgewys. Daar is glad nie soveel *maintenance* aan die basis gewees as aan die ander... Maar jy kan eintlik nie die plekke vergelyk met mekaar nie, want daar is nog glad nie roes daar nie, omdat dit so droog is. So vir ons *maintenance*... Of vir ons werksgewys was dit eintlik meer in die veld gewees.
- V:** So jy het baie buite gekom?
- A:** Ja, ons het baie buite gekom. Omdat die ys so opbou om die slees, wat ons gebruik om dieseltenks te trek van die bukta af basis toe en terug. Baie keer dan sneeu daardie slees toe,

en dan moet jy maar die *bulldozer*-tjie gryp en gou gaan oop grou daarso. Seker maak hulle raak nie weg nie.

- V:** Goed. Nou wat is die uitdagings verbonde daaraan om daar te lewe en te werk?
- A:** Ek dink dit is maar die weer. Dit is maar die grootste uitdaging, sal ek sê. En ook om te sien hoe die seisoene verander. Veral in winter wanneer die son nie meer opkom nie, dan is dit nogal 'n uitdaging om uit te gaan en te gaan sien. Bietjie in die donker rond te werk. Dit is nogal lekker. Vir my was dit lekker gewees.
- V:** Nou wat het dit die moeite werd gemaak om 'n jaar daar te bly? Wat was vir jou 'n spesiale oomblik? Of 'n spesiale ervaring?
- A:** Ek sal sê 'n spesiale oomblik... Ek sal sê dit is eintlik meestal om in die natuur, vir my was dit die moeite werd gewees. En ons het so paar krewasswansse afgeklim, wat vir my baie mooi is. Dit is vir my eintlik die mees spesiale herinnering van Antarktika sal die krewasse wees, om te sien hoe dit eintlik binne lyk en hoe groot dit kan wees. Dit is amper soos 'n grot.
- V:** Dan om te kom by jou spanmaats. Hoe was die span-dinamiek?
- A:** Ons het... Ons was 10 mense gewees op die span, waarvan twee dames was. Die res van die span was mans. Arnold en Tamara was Engels, ek dink hulle was die enigste Engelse mense. Dan was dit Zama [Zamikhaya], hy was 'n Xhosa gewees. Verder was die meeste Afrikaans gewees. Maar ja, ons het almal redelik goed oor die weg gekom.
- V:** As ek reg verstaan, dit is die span gewees waar die insident was, waar die ou oor die kant is?
- A:** Dis reg.
- V:** Het julle... Hoe het die span daarop gereageer?
- A:** Die span het nogal 'n... Dit was nogal nie so goed gewees vir ons om aan die begin so ongeluk te hê nie. Veral Chantal [Steyn] wat saam was, toe dit gebeur het, ons kon sien sy het dit die swaarste gevat. Sy het hom probeer stop voordat hy oor die kant is met die Ski-doo. So vir haar was dit die ergste, ons het dit nie gesien nie, die res van ons. Behalwe ek weet nie of Fritz dit gesien het nie. Ek weet hy was binne een van die gate waar hulle nou hulle toerusting het, in die ys. Hy was daar in die gat gewees, so ek weet nie of hy dit gesien het nie. Ek dink nie hy het dit gesien nie. In elk geval, ek dink vir die res van die span was dit nie so erg soos vir Chantal nie.
- V:** Hoe was dit... Die ou wat daar was... Dit was mos met 'n oornamewees? Hoe dink jy het hulle dit hanteer? Wat het hulle gedoen?
- A:** Bedoel jy met die insident?
- V:** Ja.
- A:** Wel, ek was nie daar... Ek was ook nog op die skip. Dit was nog... Ek dink dit was op Kersfees of net voor Kersfees gewees. Ek en die ander *mechanic* was nog op die skip. Maar wat ek gehoor het, is hulle het hom met die helikopter gaan haal en ek dink hy het nogal hy het 'n hele paar bene gebreek. Hy was nie dood toe hulle hom gekry het nie. Ek dink hy het in die hospitaal doodgegaan, maar die twee dokters wat daar was: hulle het nie rêrig... Ek dink hulle het geweet hulle kan niks doen nie. Maar ja, vir die *rescue* was ek nie daar nie, so ek kan nie sê hoe dit afgeloop het nie.
- V:** Watse interaksie het julle met die ander basisse gehad? Soos met die Duitsers of dalk met ander Suid-Afrikaanse basisse?
- A:** Ons het met die... Van ons het met die Duitse basis oor die radio gepraat. Meeste van die stasies het vir ons met Midwinter *ge-email*. Ons het vir mekaar *emails* geskryf en ook foto's van elke span, met die name by, en foto's van hulle basis. Dit was nogal lekker om te sien hoeveel ander lande daar is. Omdat Antarktika so groot is dink jy nie daaraan dat daar soveel lande is, wat daar is nie. Tot Midwinter wanneer jy al die eposte kry, dan kom jy agter wie is eintlik almal daar.
- V:** Hoe het julle Midwinter gevier?

- A:** Ons het speletjies gehad, wat os in die basis gespeel het. En dan het ons 'n groot middagete... Nee, dit was 'n aandete gewees wat ons almal voorberei het voor, en ook mooi aangetrek het voor.
- V:** Het julle enige besoeke gehad van skepe of helikopters of ander spanne?
- A:** Ja, ons het deur die jaar. Of eintlik meer in die somer tydperk het ons ander lande gehad wat eintlik kom oorslaap het. Sê maar vir 'n aand en dan verder gevlieg het die volgende dag. Omdat ons 'n landingsstrook gehad het daarso kon ander lande kom land het. En dan het ons vir hulle ook van die brandstof gegee, want hulle het brandstof volgemaak. Dan, meeste van hulle het oorgeslaap vir een dag. Dan die volgende dag het hulle gevlieg gewoonlik. En dan toe die Duitse-basis hulle nuwe basis begin bou het, toe het van die konstruksie mense vir 'n paar weke by ons gebly, in die basis. Tot hulle akkommodasie reg gemaak is. So dit was omtrent in die dertig Duitsers gewees.
- V:** En hoe was dit om nou julle vredevolle basis... ewe skielik is hier 'n klomp besoekers.
- A:** Dit was glad nie so erg nie. Hulle was eintlik... Meeste van ons kon hulle nie verstaan nie. Ons kon nie hulle... Ons het maar net... En die wat kon Engels praat het ons mee Engels gepraat. Maar Anton wat ook nou hier is op Marion, wat saam met my daar was, hy kan Duits praat. So hy het die meeste met hulle... kon hy darem met hulle gepraat het. So hulle het hulle eie kos gebring en hulle het hulle eie kok gehad. En ja, ek onthou hulle het nog vir ons ook kos gemaak op 'n tyd. En ja, dit was eintlik baie lekker gewees. Hulle was meeste... Die Duitsers het almal maar saam in die kroeg gekuier. Ja. Dit was eintlik baie besig, maar hulle het begin verveeld raak, omdat hulle so lank daar was en moes gewag het vir hulle mense om akkommodasie reg te maak. Toe het hulle begin om 'n kroeg buitekant in die ys bou. Ja. Hulle het 'n... soos wat die ys opbou, want die wind kom mos van die Suide kant af en dan waai hy die ys oor die basis, dan val dit so paar meter agter die basis, dan bou dit nogal hoog op, omtrent so 8 meter, of ek sal sê so 5 tot 8 meter, dan het hulle 'n kettingsaag gevat en daardie ys uitgesny. En dan het hulle so 'n kroeg gebou buitekant.
- V:** Dis pret. Nou het julle span deelgeneem aan hierdie goeters, of het julle maar julle eie gang gegaan en aangegaan met julle werk en so?
- A:** Ja, ons het aangegaan met ons werk en met ons dinge daarso. Maar daar is nie rêrig baie kommunikasie tussen die mense wat nie kon Engels praat nie. So ja, hulle het... Die Duitsers was eintlik maar baie bymekaar gewees en hulle het self alles gedoen.
- V:** Nou wat het julle gedoen vir ontspanning?
- A:** Ons het meestal maar, as die sneeu reg was, het ons gaan ski. Dan het ons die Ski-doo's geklim en om die berg gery, waar die... wat ons noem die "*windscoop*", waar die meeste van die sneeu agter die berg val, dan bou dit op. Dan het ons maar mense opgetrek met die Ski-doo tot bo, en dan het ons af geski tot onder. Dit was baie lekker. En die ouens wat nie kon ski nie, het ons 'n matras gehad, wat ons ook teen een van die bulte daarso afgegely het.
- V:** Goeie genugtig! Nou by Gough. So toe is jy nou terug van SANAE, en toe wat laat jou toe nou besluit jy wil Gough toe gaan?
- A:** Dit was eintlik ek, Chantal en Dries wat saam by Antarktika was. En toe het ons besluit. Ek wou eintlik Marion toe kom, maar toe het hulle my soort van omgepraat om Gough toe te gaan saam met hulle. En ja, toe het ons maar aansoek gedoen terwyl ons daar in Antarktika was. En ja, toe het ons saam weer *team-training* gedoen, toe is ons saam met die res van die span Gough toe.
- V:** Nou hoe het die *team-training* verskil vir Antarktika en Gough? En selfs ook vir Marion?
- A:** Wel, toe ons Antarktika toe was, was die *team-training* nog nie so goed soos wat dit was... soos wat dit nou is nie. Ek dink ons 'n dag kookkursus op die Agulhas gehad. So wat verskil het was die kursusse wat hulle beter gemaak het. Die verskil tussen die twee programme van *team-training*: Antarktika het ons mos nou die klimkursus gedoen, om die mense uit 'n krewas te kan uithaal as daar ongeluk sou wees. Waar by Gough het ons dit nie nodig gehad

nie, behalwe die twee veldassistente, hulle moes dit gedoen het vir hulle werk met die [Chejina]-projek wat hulle gehad het. So ja, vir ons was dit maar net die basiese goed, soos die noodhulp, en dan net die kook, en dan ons tegniese ouens moes die kraankursus gedoen het, om net die mense te kan ophys van die see se kant af op die land, as die weer te sleg is vir vlieg. So ja, maar dit was nie, die opleiding was nie so erg nie, eintlik baie simpel gewees.

V: Dink jy dit het enigszins gehelp?

A: Ek sal sê miskien die noodhulp, want dit is 'n ding wat 'n mens nie elke dag aan dink nie. So ek sal sê, vir my, die meeste... die belangrikste ding wat ons geleer het, was die noodhulp, net om jou te herinner wat jy kan doen as jy iemand moet help. En miskien die... Ja en *fire-fighting*, dit sou ek sê was die meeste wat ons uit die *team-training* gekry het. Want ek bedoel kook. Almal kan eintlik kook.

V: Ja. Nou wat het jy van Gough geweet, voordat jy nou soontoe gegaan het?

A: Ek het foto's al gesien, van Gough, voorheen. Van my spanmaats wat al reeds daar was, toe ek op Antarktika was, en die stories wat ons gehoor het van Leonard, wat hy ons vertel het. So ons het al 'n idee gehad van hoe dit is op Gough eiland.

V: Okay. En toe jy nou daar aankom, toe is daar nou hierdie eiland, en toe wat toe? Wat het jy gedink? Hoe was daardie ervaring om dit nou vir die eerste keer te sien?

A: Ja. Dit is die eerste keer wat mens 'n eiland van die see se kant af sien. Ja, dit was winter tyd gewees toe ons daar aankom, so die eiland was bietjie vaal gewees. So ek persoonlik hou van 'n groen kontinent wat mooi groen is, so toe was dit so bietjie... alles was nie soos ek gedink het dit gaan wees nie, maar die eiland is eintlik... dit het eintlik baie plante op, en baie diere, en baie voëls. Dit is eintlik baie lekker op Gough eiland.

V: Nou... So dit is maar... Hoe het jou dagtaak verskil van wat jy op SANAE moes doen?

A: Dit was eintlik, hoe kan ek sê, dit was nie so hoe kan ek sê dit was bietjie meer... bietjie minder... Hoe kan ek sê? Die verantwoordelikheid was bietjie minder gewees, omdat ek geweet het die omgewing is baie anders. Dit is nie so koud daar nie. So as daar miskien 'n probleem is met 'n *generator* wat nie loop nie, dan kan hy staan vir 'n paar uur, daar is nie water wat kan vas vries nie, soos by SANAE nie. So uit daardie oogpunt was dit eintlik beter gewees, maar die... en ook die *generators* was baie ouer gewees, so as jy as 'n mens 'n ander "*genny*" nou moet diens, dan sit ons 'n *generator* af heeltemal. Waar op SANAE moes daar een gehardloop het altyd, en daarso kon die kontroles... kon jy twee *generators* op 'n slag hardloop, wat jy nou *synchronize*: so as die een gehardloop het, kan jy die een *start*... dan kan jy die volgende een *start*. So dan is daar nie 'n kragonderbreking nie, waar by Gough eiland moet mens al die krag afsit en dan die volgende een *start* eers. So ja, dit is bietjie anderster op Gough eiland. En dan ook met die brandstof van die skip af, wat gepomp word na die tenks toe, is dit ook bietjie anders as SANAE.

V: So... en het julle baie tyd met die ou span ook deurgebring? Dis mos maar 'n klein span?

A: Ja, ja. Ons het baie tyd saam met hulle spandeer. Ek sal sê dit was omdat dit so klein is praat die mense meer met mekaar. Die basis is kleiner so almal is eintlik soort van gedwing om met mekaar te kommunikeer, waar by SANAE is die basis baie groter, so dit is makliker vir mense om net hulle eie gang te gaan.

V: En het julle saam met hulle gaan rondstap, of was dit maar basis gebonde?

A: Ja-nee kyk, soos ek dink almal het maar saam rondbeweeg saam met die persoon wat hy oorvat. So ja, dis nie rêrig dat die twee spanne saam met mekaar plekke heen gegaan het nie. Dit is maar net die ou by wie jy oorvat wat vir jou die hele eiland wys en jou werk wys. En dan is dit maar net in die aande wat die mense in die kroeg sit, dis die enigste tyd wanneer jy regtig nou maar stories vertel word en dan gesels.

V: Goed, nou hoe was die span-dinamiek gewees, want dit is nou 'n kleiner span as SANAE en dis nou ook die geval waar julle nou eintlik mense is wat mekaar alreeds geken het, en alreeds saam gebly en gewerk het? Hoe dink jy het dit dinge laat loop?

- A:** Ja kyk, soos ek, Dries en Chantal wat nou al klaar saam met mekaar was vir 'n jaar, het ons nou al, al die stories gehoor vir 'n jaar al. Hulle ken jou soort van, hoe kan ek sê, die meeste van jou stories het hulle al gehoor. Maar dan is dit maar meer die ander mense met wie jy gesels en uitvind waar hulle vandaan kom, en al hulle stories hoor. Ek en die spanleier was vroeg in die... voor ons gegaan het, het ons al bymekaar gekom in Pretoria en gaan motorfiets ry in die veld. Ons het al vroeg vriende geword. Ja so, dan was dit Henk en Paul wat die veldassistente was, baie goeie ouens, en ek sal sê sonder hulle sou dit nie dieselfde gewees het nie. Dit is baie lekker om saam met hulle op Gough eiland te wees, want hulle was alreeds hierso by Marion gewees. So ja, ons het hulle ook maar gehelp met hulle werk. Hulle het maar vir my ook gehelp. Dit was eintlik baie lekker gewees.
- V:** Het jy toe nou bietjie meer geleentheid gehad om ook te gaan rondstap en bietjie buite te werk ook half?
- A:** Ja. Dit het eintlik baie afgehang van die toestand van my masjiene op die basis, wat ek ook probleme gehad het. En ja, daar was tye wat ek nie kon uitgaan nie. Wat ek moes wag vir parte van Suid-Afrika af. En dan moes ek die *generators* maar dophou, waar hulle diesel gelek het deur die *actuator*, en dan moes ek maar 'n plan maak en 'n kannetjie onder sit laat hy... En dan elke dag moes ek nou, wat ek nou 'n lek nie kon stop nie, toe kon ek nie regtig uitgaan nie, toe mos ek maar heelyd dophou tot ek nou nuwe parte gekry het. So dit hang ook af baie van wat gebeur op 'n eiland, of mens kan uitgaan of nie. Wat ook soos hierso gebeur het. Toe ek nou moeilikheid kry met die "*genny's*" dan kan 'n mens nie uitgaan nie. Maar ek het darem... Ek dink ek het twee keer op Goney Bay gekamp in 'n tent. Ons het baie gaan visvang, ek en Tom.
- V:** Wat het julle gevang?
- A:** Snoek.
- V:** Rêrig?
- A:** Ja.
- V:** Lekker en het... Wat het julle dan na die tyd... Wat... Mag julle dit doen?
- A:** Ja-nee, ons mag.
- V:** O okay. En na die tyd wat het julle met die vis gedoen?
- A:** Ons het dit geëet.
- V:** Lekker. Gebraai en so?
- A:** Ja. Ons het meeste van die tyd, het ons dit op die vuur gebraai. Op die kole. Naderhand het ons dit op die stoof begin sit. Botter en sout en knoffel. Ja, Tom was... Tom en eintlik Paul, hulle was die ouens wat die vis gaar gemaak het in die oonde. Maar ons het vinnig, ek dink die eerste drie maande toe is ons nie meer lus vir snoek nie.
- V:** Ja toe is julle nou uitgesnoek?
- A:** Ja.
- V:** Nou met die reis op pad na Gough toe, het julle by Tristan gestop?
- A:** Dis reg ja.
- V:** Hoe was dit?
- A:** Dis interessant gewees. Baie van die Tristan mense was op die skip saam met ons, geseil van Kaapstad tot by Tristan.
- V:** Wat het hulle in Kaapstad gemaak?
- A:** Ja, hulle gaan maar baie. Baie van hulle hou vakansie daar. Hulle gaan seker maar waar hulle ook meer na die beskawing toe gaan. Met die ooreenkoms van Suid-Afrika en die Britse mense, is dit 'n geleentheid vir hulle om Suid-Afrika toe te gaan en terug, met die Agulhas. So ja, meeste van ons het al saam met hulle tyd spandeer op die skip.
- V:** Nou hoe is hulle?
- A:** Hulle is nogal vriendelik. Hou van partytjies, musiek maak. Maar toe ons nou eers op die eiland is, toe soort van verdwyn hulle in hulle huise in. So ek dink dit is ook maar... Ek weet

nie of hulle... Ek weet van die mense, wat op die eiland is self, is bang vir siektes van die buiteland af. So ek het maar gedink dit is seker maar een van hulle redes hoekom hulle nie eintlik meng met ander mense wat van die skip af kom nie. Maar ja, ons het maar op die eiland rondgehoop, by die hawe. Gaan kyk hoe... Daar is baie van daardie ou vissersbootjies wat daar lê. Baie fabriekie.

V: Die eerste *long boats*?

A: Ja.

V: Jy het gesê van fabriekie?

A: Ja, daar is baie fabriekies, of dit lyk soos *workshops* wat daar is. Ek dink ons was miskien net op die verkeerde tyd daar gewees. Daar het nie baie aangegaan op die eiland toe ons daar kom nie. So nie rêrig baie mense gesien nie. Ja maar dis 'n... Ons het so bietjie daar na waar hulle die aartappels plant in hulle velde, ons het soontoe geloop. Ons het maar meestal op die... by die huise deurgeloopt, maar nie rêrig mense gesien nie. So ek dink almal was maar in hulle huise gewees. Dit was eintlik baie snaaks gewees.

V: O okay. Nou is dit sulke ou klipsteenhuisies?

A: Dis reg ja.

V: Ek het foto's gesien. So hoe lank was julle daar? 'n Paar dae?

A: Ja, ons was 2 dae daar gewees. Ek dink deel van die ooreenkoms is ook, ek dink dit is 48 uur wat die skip daar moet lê.

V: Is daar enige spesifieke insidente op Gough waaraan jy nou kan dink? Hetsy positief of negatief.

A: Ja daar is. Daar was 'n insident gewees, maar nie ernstig nie, oor net een van die persone wat alleen wou rondloop op die eiland. Van ons ouens wat van Antarktika af gekom het met die... veral Chantal wat nou die ondervinding gehad het met Dewald, sy het dit nie goedgekeur dat die ou, en sy was onderleier gewees. So sy het dit nie goedgekeur dat hy alleen rondloop op die eiland nie. Maar vir die persoon was dit eintlik nie iets snaaks gewees nie, hy doen dit. Dis waaraan hy gewoon is by die huis. Dis hoe hy lewe. So daar was maar bietjie wrywing gewees daaroor en daar was ook ander probleme gewees met dieselfde persoon. So dit het bietjie wrywing veroorsaak wat eintlik te lank gevat het om uit te sorteer... wat ek nie eintlik dink dit was uitgesorteer op die einde nie. Maar sulke dinge gebeur en partykeer kan jy nie help daarvoor nie. Dis maar hoe dit gebeur.

V: En enige positiewe spesifieke goeters wat vir jou uitstaan waaraan jy graag terug dink oor jou tyd op Gough?

A: Ja ek sal sê dit is maar die vriende wat jy kry op die eiland wat 'n mens hou, as jy nou klaar is met jou jaar op die eiland. Sal ek sê is nie vriendskap wat jy kry...

V: Nou, toe is jy nou klaar met Gough. En wat het jou toe laat besluit om Marion toe te kom?

A: Ek wou eers nie Marion toe kom meer nie. Maar toe wou Dries en Chantal, wou eintlik ook hiernatoe kom. Toe het hulle my soort van, my begin aan my arm draai. En toe ek terug in Suid-Afrika is, toe snaaks genoeg was dit weer Tom, ons spanleier, wat my ook omgepraat het om te gaan, want hy het gehoor Susan-hulle soek nou weer vir 'n *mechanic*. En ek het 'n probleem met my skouer gehad op dieselfde tyd, wat ek geweet het ek kan nie rêrig nou dadelik gaan werk nie. En toe was dit vir my eintlik 'n goeie ding gewees om weer te kom hiernatoe en net te weet ek gaan weer vir 'n jaar op die eiland sit, en ek sal werk hê. En daar is 'n ses maande periode in tussen tyd wat ek my... wat ek nou kan rus en myself weer regkry. So, en ek wou eintlik eerste hiernatoe gekom het, so dit was baie lekker om weer 'n kans te hê.

V: Nou wat het jy geweet van Marion?

A: Ek het maar geweet wat Henk en Paul ons vertel het, en die foto's wat hulle vir ons gewys het. En ook 'n hoogtepunt was die Killer whales wat hier is, die Orkas.

V: Het jy enigsins gesien hierdie afgelope jaar?

- A:** Ja-nee, ons het definitief, so paar foto's gevat en video's gevat.
- V:** Nou hoe verskil Marion van Gough?
- A:** Ek sal sê dit is baie makliker hierso om te loop op Marioneiland.
- V:** Hoe so?
- A:** Daar is nie so baie varings en fynbos... Hierso is dit meer plat. Die gras is baie kort. Dit is nie so styl soos wat dit by Gougheiland is nie. Dit reën baie minder hierso. Nie baie minder nie, maar redelik minder. En jy word nie so nat hierso soos wat jy by Gougheiland raak nie. So dit is eintlik makliker om hier te loop.
- V:** Jy het gesê dit reën meer op Gough as wat dit hier reën?
- A:** Yes. Ja.
- V:** O ek het gedog dit is anders om?
- A:** Nee. Nee, dit reën baie meer daar.
- V:** So, en die *team-training* wat julle gehad het, was dit maar dieselfde as wat dit was vir Gough?
- A:** Ja. Dit is basies dieselfde. Dis ook weer met die Redwatch wat ons *fire-fighting* gedoen het. Ook weer by Rooikruis het ons mediese opleiding gehad. Eerstehulp, ja so... En ja, ook kook was weer by Pick 'n Pay gewees. So dit was maar basies weer dieselfde ding oor gewees.
- V:** En jy het toe gegaan van 'n baie klein spannetjie op Gough na 'n aansienlike groter span hier op Marion?
- A:** Dis reg.
- V:** Hoe het die... Hoe het dit gewerk?
- A:** Ek sal sê dit vat langer om mense te leer ken op die span, omdat die span groter is. Maar ek sal nie sê dit is slegter of beter nie. Ek dink daar is altyd 'n meer positiewe ding aan, op 'n groter span... daar is nie... jy het nie die ding van dat jy so vinnig moeg raak vir mekaar nie, op 'n groter span nie. So ek sal eintlik sê dit is eintlik beter vir my op 'n groter span as op 'n kleiner span.
- V:** En hoe het die span nou die afgelope jaar gewerk? Dink jy almal het oor die weg gekom, of was daar struwelinge? Of...
- A:** Vir die... Ek dink vir die manier wat ons jaar afgeloop het hierso sou ek sê ek het... ek sou meer probleme verwag het, met konstruksie en die trek van die ou basis na die nuwe basis toe. En alles wat verander. So ek dink ons het eintlik baie goed gedoen vir die omstandighede wat ons onder was.
- V:** Nou hoe was daardie trek gewees? Dit is halfpad deur die jaar.
- A:** Ja. Ons het nou maar gewoon geraak aan die ou basis en dié basis was nie heeltemal klaar gewees nie. Toe was ons, almal was geforseer om eintlik te trek hiernatoe. En ook PWD was nou geforseer om die basis klaar te kry. Maar daar is party dinge wat hulle net nie kon klaar doen nie. Maar ja, ons moes maar oortrek en die beste van die saak maak, maar dit was toe tog nie so erg nie.
- V:** En hoe was dit met al die konstruksie werkers hierso?
- A:** Dis baie besig gewees. Die span het hulle maar baie by hulself gehou, nie te veel gemeng met die konstruksie mense nie. Maar ja, dis maar net die etes wat nogal, hoe kan ek sê, wat langer was. Omdat daar nou meer mense is wat eet. So ons spannetjie het maar, ons het maar later gaan eet wanneer die konstruksie mense klaar is. Ja, ek sal nie sê daar was rêrig groot probleme nie. Met die konstruksiemense nie.
- V:** So het jy... Hoe baie interaksie het julle met hulle gehad? Of was dit maar net as julle...
- A:** Ek sal sê die meeste interaksie was maar as daar 'n braai was. Daar was partykeer... So paar keer was daar braai's gewees hier by die nuwe basis. Daar was 'n paar keer mense... ons het gedans. En ek dink daar was eenkeer 'n probleem met van die mense se drank wat weg geraak het terwyl hulle besig was om te drink. Ja die... En dan het ons ook mos nou die dames op die span gehad, wat ook hou van partytjie hou. En dan is dit maar net die... so paar probleme gewees met konstruksie mense wat dronk is, maar eintlik was dit nie so... nie rêrig groot probleme gehad nie.

- V:** En hoe baie geleentheid het jy gekry om nou op Marion uit te gaan en rond te stap?
- A:** Ek het nie so... Ek sal nie sê ek het so baie geleentheid gehad soos wat ek wou gehad het nie, omdat die basis maar nuut was en dit is die eerste keer wat hy soort van gewerk en ons in hom bly. Was daar baie dinge gewees wat ons nie aan gedink het nie. Soos byvoorbeeld: water wat in die diesel was, wat ons toe nou *generator*-probleme begin gee het. Daar is 'n hele paar dinge wat ons later uitgevind het, wat verkeerd is. Wat nog reggemaak moet word. Ja dis maar alles dinge wat 'n mens later uitvind.
- V:** En dan? Wat doen julle dan daaromtrent? Probeer julle dit nou maar net oplos na die beste...
- A:** Ja-nee. Ons moet 'n plan maak. Ons moes... Ek moes gaan kyk het na die groot tenks, waar die diesel vandaan kom. Moes ek maar die water uit drein en seker maak dat ons nie weer 'n tenk gebruik wat water in het nie... En dan het ons ook 'n drein hier op die duiktenk van die Perkins Generators, wat hier by die nuwe basis is, wat ons nou ook gereeld kyk vir water wat in die diesel is, en dit aftap. So ja, daar is altyd 'n plan wat ons maak.
- V:** En wat het julle gedoen vir ontspanning? Want julle het nou hierdie groot nuwe basis. Wat het julle aangevang?
- A:** Ons het maar partytjie gehou. Daar is baie... Omdat daar so baie mense op die span is, is daar altyd iemand wat verjaar, amper elke maand. So daar is altyd 'n partytjie deur die jaar. En dan ja, dan bak ons maar 'n koek.
- V:** En Midwinter? Wat het julle gedoen?
- A:** Ons het weer... Ek dink ons het 'n Midwinter *lunch* gehad. Almal het maar gebak, reggemaak vir Midwinter. Ons het ook maar speletjies gespeel hier in die basis. Ja, en ook net... Ek kan nie eers onthou wat het ons aangetrek nie. Ja, dis so besig deur die jaar.
- V:** En het julle 'n Maid Marion kompetisie gehou?
- A:** Ja. Ja-nee ons het.
- V:** Wat is dit?
- A:** Dit was die eerste keer wat baie van ons aan so iets deelgeneem het. So meeste van ons moes maar eers lekker gedrink gewees het voor, voor ons nou die moed gehad het om aan te gaan met hierdie Maid Marion.
- V:** Wag. Net wat presies behels die Maid Marion?
- A:** Dit is nou eintlik die dames op die span wat aantrek soos mans, en die mans wat aantrek soos dames. En dan, vir een of ander rede, wat ek nog nie kon uitvind nie, was die dames in beheer van die hele storie. En hulle het... Ons mans het toe soos... onself gaan voorstel op die, hoe kan ek sê, nie op die verhoog nie, maar voor die... Hoe kan ek sê?
- V:** Paneel?
- A:** Beoordelaars of *whatever*. Ja, wat die dames was nou. En hulle het... Ja, dan het hulle nou punte gegee vir elke ou wat daar aankom. Hoe hy aangetrek is, en sy toespraak wat hy het, en dan het hy 'n talent wat hy moes beoefen het.
- V:** Wat was jou talent gewees?
- A:** Ek het so besemstok gehad wat ek soos karate mense rondswaai. Nie rêrig gewheet wat ek wil doen nie, maar dit is die beste wat ek gehad het.
- V:** Wie het toe nou die kompetisie gewen?
- A:** Kobus.
- V:** Okay. Nou hoe dink jy het die feit dat jy op SANAE was en op Gough was, hoe het dit jou voorberei vir Marion?
- A:** Ek sal sê dis maar om klaar te kom met mense wat jy nie ken nie. Okay, sê maar, meer te dink aan... nie aan jouself en jou... en net 'n bietjie te dink aan die volgende persoon. Hoekom hy reageer soos wat hy reageer? Ja. Ek sal sê, jy moet maar partykeer net voor jy opsommings maak moet jy 'n bietjie verder dink. Ja, dis maar wat ek dink wat ek geleer het. Hoe ek voorberei is vir so ekspedisie.

- V:** Spesifiek nou van die jaar op Marion. Is daar enige insident of gebeurtenis wat vir jou uitstaan? Wat baie lekker was? En is daar dalk een wat vir jou baie sleg was?
- A:** Ja, wat vir my baie lekker was, is eintlik die hutte op die eiland. Wat 'n mens kan na toe loop en 'n paar aande daar slaap. Dit is vir my baie lekker. En ook saam... Ek het baie saam met Jackie en Barend maar hutte toe gegaan. En ook nou net voor die skip gekom het, was ek op 'n *round-island* saam met hulle, wat baie lekker vir my was. En dan sal ek sê is dit die Orcas wat hiero is, wat vir my nogal interessant was. Dit is eintlik vir my 'n hoogtepunt op die eiland.
- V:** So hoeveel keer het jy toe na die hutte toe gegaan? Wat moes jy by die hutte doen?
- A:** Nou net voordat die skip gekom het, moes ek net seker maak dat al die petrolkragopwekkers wat daar is, dat dit kan *start*. Omdat dit petrol is, moet hy gereeld *ge-start* word, wat nie gebeur nie. En dan kry die veldassistente, kan dit dan nie *start* nie. So dan moet die *carbocator* skoongemaak word. So dan het ek maar elke "*genny*" so gediens, net voor die *take-over*. En dan ook nou om vir PWD meer 'n idee te gee van wat aangaan in die hutte. Wat verkeerd is. Ek het maar so lysie opgestel soos ek verby gegaan het.
- V:** Sê my gou, was daar hutte en so op Gough?
- A:** Nee.
- V:** Nie? So julle het daar gekamp?
- A:** Ja, ons het in 'n tent gebly.
- V:** Nou hoe was dit met die VIP-voyage?
- A:** Dis baie besig. Ons was baie besig gewees. Ons moes...
- V:** Watter voorbereidings het julle getref om nou die VIP's te ontvang?
- A:** Ek dink ons was eintlik... Om die waarheid te sê ons het eintlik nog kaste en goed inmekaar gesit, vir die VIP-voyage. Sodat almal nou kan bly in hulle kamers, en hulle klere kan wegbêre. Maar ja, ek dink nie daar was so... die *chefs* wat hier aangekom het, hulle was maar vir die kos verantwoordelik gewees. So ons het nie rêrig 'n... Ek sal nie sê ons het so groot deel gehad aan die voorbereiding nie. Behalwe vir die kaste in die goed, wat ons bymekaar gesit het. En dan natuurlik net die skoonmaak van die basis was nogal 'n groot hoogtepunt gewees wat ons moes gedoen het.
- V:** En het hulle vir julle enigsins instruksies gegee oor hoe julle met die media en die belangrike ouens moet praat? So iets?
- A:** Ja, daar was instruksies gewees, oor hoe ons hulle moet hanteer. Maar ek kan nie sê ons het rêrig so baie met die VIP-mense gekommunikeer... wel, veral ek het nie rêrig met hulle gekommunikeer nie.
- V:** Iets van wat julle gehoor het, of enige geskiedkundige gebeurtenis of iets wat gebeur het terwyl jy weg was? Op enige een van jou drie *trips*, waaraan jy nou so vinnig kan dink?
- A:** Op die eiland?
- V:** Ja, op die eiland. Of watter nuus het julle van Suid-Afrika gekry die afgelope jaar?
- A:** Wel, ons het internet hiero. Ons het gehoor van die tsunami's. Wat gebeur het. Aardbewings. En dan ook die... En ook op, toe ek op Gough was het ons gehoor van die resessie. So maar, wat ons nie daar was voor nie. Ja, petrolprys wat verander.
- V:** Het jy... En vir hierdie jaar spesifiek nou, het hulle ook nou natuurlik al die sport gemis?
- A:** Ja. Toe ons op Gough was, het ons maar die *World Cup* rugby gekyk, op die... Soos wat dit nou stuk vir stuk *ge-download* word van die internet af. Naderhand het ons maar net op die radio geluister, wat iemand ingebel het en dan die telefoon langs die radio sit. En dan het ons maar die *World Cup* so geluister, maar Suid-Afrika het gewen so dit was lekker gewees om dit net te kan gaan luister het.
- V:** Nou wat dink jy gaan jy mis, of mis jy van Gough? En wat dink jy gaan jy mis van die eilande? En ook van SANAE?

- A:** Ek gaan definitief die natuur mis. En ook die tyd wat jy het hierso, dis nie dieselfde om in Suid-Afrika te werk nie, ook te bly nie. Ja, dit is meer interessant, sal ek sê hierso. Dis 'n heeltemal 'n ander leefwyse wat jy hierso lewe.
- V:** Sien jy uit om terug te gaan?
- A:** Ja. Ek sal sê ja en nee. Om terug te gaan is... Ek dink ek is nou al te lank op die eilande. Dis amper asof ek nie wil terug gaan nie. Maar ja ag nee, 'n mens verlang maar na die familie. En ja, my broers en suster. So dit is altyd lekker om terug te gaan, maar ek dink mens sal maar altyd... ek sal maar altyd 'n ruk in Suid- Afrika wees, dan sal ek terug verlang eilande toe.
- V:** Wat jy gaan jy van die eilande mis? Behalwe nou die diere en so.
- A:** Behalwe die diere?
- V:** Ja, behalwe nou die natuur wat jy soos van net nou gesê het.
- A:** Ek dink dis die, om onafhanklik te wees van reëls, regulasies. Hierso doen jy wat nodig is, en as jou werk gedoen is, dan is jy soort van, dan het jy meer tyd vir jouself. Waar daar in Suid-Afrika maak jy soos ander mense vir jou sê jy moet maak. Jy het jou werk wat jy moet doen, soos van vyf tot sewe, of vyf tot... of sewe tot... hang af watse... Dis agt ure elke dag wat jy werk. Wat die verskil vir my hierso is. Hierso werk ons nie rêrig volgens spesifieke ure nie. Jy werk mos soos dit jou werk is, en soos wat jou werk klaar is. Waar as ek nou soort van by die, Suid-Afrika sal werk, sê maar van sewe tot vyf, dan is jy besig vir daardie tydperk en dan is jy af. Dan die res van die aand hoef jy nie te gaan kyk na 'n *generator* wat loop nie, so daar is ook 'n verantwoordelikheid wat weggevat word as ek terug gaan Suid-Afrika toe. Dat ek nie meer hoef te *worry* oor 'n "*genny*" wat kan breek nie. So ja, dit is maar verskillend, eilandlewe en die lewe by die huis.
- V:** Nou om af te sluit. Beskryf vir my SANAE, enige manier wat jy wil. Of altans Antarktika.
- A:** Ek sal sê Antarktika is 'n baie stil plek, maar hy kan vir jou... Hy kan ook baie interessant wees. Soos die weer verander, dis nie net soos jy hom vandag sien, so gaan hy more ook wees nie. Hy kan ook maar vinnig verander. Jy kan vandag buitekant loop, more kan jy glad nie. Dan is dit, wat ons noem, 'n *white-out*. Dit is wat vir my interessant is.
- V:** En Gough? As jy Gough moet beskryf.
- A:** Ek sal sê Gough is 'n lekker eiland. Lekker nat, mooi groen en lekker visvang.
- V:** En Marion?
- A:** Marion. Marion is vir my, ek sal sê, hy is nogal 'n koue plek. Hy kan ook warm wees. Ja, en die weer verander ook hierso baie vinnig. Jy kan vier seisoene in een dag hê.
- V:** En dit is nou 'n moeilike vraag. Maar watter een was vir jou die lekkerste? En hoekom? Aangesien jy nou die voorreg gehad het om al drie te besoek.
- A:** Baie mense het my nou al daardie vraag al gevra. Ek weet nie of daar 'n spesifieke een is wat ek die meeste van hou nie.
- V:** Het elkeen maar sy...
- A:** Ja, ek dink elkeen het maar sy spesiale manier van lewe. Ek self hou baie van reën, so ek sal amper sê Gough, maar SANAE is nou weer heeltemal anderste. Ek dink nie mens kan... Ek self kan nie rêrig kies nie. En omdat ek ook so baie besig was hier op Marion, vir my... wat vir my beter was hierso was die hutte waar jy kan oorslaap. So ja, ek weet nie. Ek kan nie rêrig kies nie.
- V:** Is daar enige iets anders wat jy, waaraan jy kan dink, wat jy graag wil vertel, of so iets?
- A:** Van die eilande?
- V:** Ja, of van SANAE. Enige iets anders wat jy nog wil noem.
- A:** Ja, wat nie genoem is nie, is die auroras by SANAE. Dit is nogal iets om te sien vir jouself. Mense kan vir jou foto's wys, maar as jy dit nie self sien nie, is dit net nie dieselfde nie. Ja dit is iets wat jy self moet sien.
- V:** Baie, baie dankie.
- A:** Groot plesier.